

WEEK 8

Bloed en stof

ONS KAART

Hierdie week gaan ons twee ongewone plekke besoek. Die eerste is die boek van Levitikus, wat vol is van die bloed van diere en ons leer hoe God sonde vergewe. Die tweede is die boek Numeri, wat vol is van woestyn sand en ons leer hoe God sonde straf.

VERS VIR DIE WEEK: Hebreërs 10:12

MAANDAG

Levitikus 1:1-5: 'n Bloed offer

1. Waar moes die dier doodgemaak word (v.5)?

Voor die Here.

2. Wie vereis offers (v.3)?

Die Here.

- Hierdie offer is 'n profetiese vooruitskouing van Jesus, die Lam van God wat voor die Here doodgemaak is (1 Petrus 3:18).
- Dank God vir Sy voorsiening van 'n perfekte offergawe vir ons sondes.

DINSDAG

Levitikus 1:6-9: 'n Brandoffer

1. Waar moes die offergawe geplaas word (v.8)?

Op die altaar vuur.

2. Wat het die vuur voorgestel?

God se woede en straf oor sonde.

- Hierdie is 'n profetiese vooruitskouing van Jesus wat God se straf oor sonde dra.

- Bid vir geloof om Jesus se offer aan die kruis te aanvaar sodat ons straf vir ons sondes kan ontkom.

WOENSDAG

Levitikus 1:10-13: 'n lieflike reuk offer.

1. Wat het die Here gedink van die offer (v. 9 en 13)?

Dit was 'n lieflike geur vir hom.

2. Wat leer Efesiërs 5:2 ons oor Christus se offer?

Dit was 'n lieflike geur vir God.

- Christus se offer was 'n lieflike geur vir God. Dit beteken dat God dit ten volle aanvaar en goedgekeur het.
- Vra vir geloof om die lieflike geur van Christus se offer vir sonde te aanvaar en vir onself goed te keur.

DONDERDAG

Numeri 14:1-5: Klagtes in die woestyn

1. Wat wou die Israeliete doen (v.4)?

Kry 'n ander leier en gaan terug na Egipte.

2. Wat leer Moses en Aaron se reaksie op hierdie klagtes ons (v.5)?

Dit leer ons om al ons probleme na God te bring, in nederigheid.

- Ten spyte van alles wat God vir Israel gedoen het, was hulle steeds ondankbaar en aan die klae.
- Bid vir dankbaarheid vir God se barmhartighede sodat ons nooit so baie sal klae dat ons wil terugdraai in sonde in nie.

VRYDAG

Numeri 14: 26-32: Dood in die woestyn

- 1-. Hoekom was God kwaad vir Israel (v.27)?

As gevolg van hulle konstante geklae.

2. Wat maak God van hierdie geklae (v.29)?

Hy sien dit as iets so ernstigs dat al die wat klae in die woestyn sal sterf.

- 'n Geklae en kritiek teen God sal geoordeel word deur God.
- Bely teenoor God enige klagtes en kritiek wat ons teen Hom het en vra Hom beide vir vergifnis en vir 'n dankbare gees.

SATERDAG

Numeri 21: 4-9: Verlossing in die Woestyn

1. Wat het Moses op 'n paal geplaas en hoe het dit Israel verlos (vv.8-9)?

Moses het 'n slang op 'n paal geplaas en die wat na die slang gekyk het, het nie van die slang se gif gesterf nie.

2. Wat is die Nuwe Testament se weergawe hiervan (Joh. 3:14-15)?

Jesus was verhef aan die kruis sodat almal wat na Hom kyk gered sal word van hulle sondes.

- As ons na Jesus se dood aan die kruis kyk, sien ons die sonde wat Hom daar geplaas het, maar ook die verlossing wat Hy bring.
- Bid vir God dat Hy ons die geloof sal gee om na Jesus te kyk as ons Verlosser om ons te verlos van die gif van sonde wat ons doodmaak.

SONDAG

Lees die teksvers van die prediking vanoggend.

Wat het jy geleer oor God?

Wat het jy geleer oor sonde?

Wat het jy geleer oor Jesus?

Wat het jy geleer oor die lewe?

Wat was die groot les vir jou uit die preek?

Wartoe lei die preek ons om voor te bid?